Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-11-24

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 2 VAN NOVEMBER 2021

VAKANSIE/DANKIE - MNR GERICKE

2021! Voorwaar 'n wonderlike skooljaar vir Laerskool Elspark!

As skoolhoof is ek opreg dankbaar vir 'n pragtige ouergemeenskap met oulike en goed opgevoede kinders en 'n bekwame personeel. Dankie aan u almal wat 'n rol gespeel het om van hierdie skool die allerbeste skool te maak.

Graag bid ek u toe 'n aangename vakansie, 'n wonderlike Kersfees en 'n voorspoedige 2022. Mag al u drome bewaarheid word. Gebruik hierdie tyd saam met u gesin om weer nader aan u Skepper te leef.

Totsiens

Ons neem ook afskeid van ons Gr 7 ouers en kinders. Baie dankie vir 7 jaar en meer se betrokkenheid en ondersteuning. Ons wens u sterkte toe vir die volgende fase wat op u kind wag, mag dit 'n vreugdevolle en gelukkige ervaring vir almal wees!

SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ons net onder u aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir November 2021.

Skoolgeld word bepaal as 'njaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande vir u gerief.

Ons doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom. Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by sonja@lselspark.co.za

SKOOLGELDBETALING 2021				
ITEM		**BEDRAG PER MAAND**	**BETALINGSTYDPERK**	**BEDRAG VIR 2021**
1	Skoolgeld vir enkelkind	1 440	12 Maande	17 280
2	Skoolgeld vir tweede kind	1 440 (2 880)	12 Maande	17 280
3	Skoolgeld vir derde kind	577 (3 457)	12 Maande	6 924
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se skoolgelde is reeds betaalbaar.				
4	Naskoolgeld per kind	1 000	11 Maande	11 000
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
5	Kleuterskoolgeld per kind	1 560	12 Maande	18 720
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. November se gelde is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!

Daar is ouers wat heelwat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld.

Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'nreëling te tref om gelde op datum te bring.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Faks asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na (011) 916-1963. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

SKOOLGELDE VIR 2022 – MNR GERICKE

SKOOLGELDBETALING 2022				
	ITEM	**BEDRAG PER MAAND**	**TYDPERK**	**BEDRAG VIR 2022**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	1512	**12 Maande**	**18144**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	1512 (3024)	**12 Maande**	**18144**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	606 (3630)	**12 Maande**	**7272**
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. **Indien volle skoolgeld vir 2022 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word.** **(Indien geen betaling tot 31 Mrt gemaak word nie, moet 'n skriftelike reëling met die skoolhoof getref word)**				
4	**Naskoolgeld vir 'n enkelkind**	**1100**	**11 Maande**	**12100**
5	**Naskoolgeld vir tweede kind**	**1100 (2200)**	**11 Maande**	**12100**
6	**Naskoolgeld vir derde kind**	**1100 (3300)**	**11 Maande**	**12100**
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. **Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2022.** **Geen subsidie word toegestaan nie.**				
7	**Kleuterskool skoolgeld vir elke kind**	**1638**	**12 Maande**	**19656**
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. **Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2022.** **Geen subsidie word toegestaan nie.** **Geen korting soos in geval van groot skool**				

NASKOOL – ME McKENZIE

Die naskoolsentrum sluit vir die vakansie op 14 Desember en heropen weer op 5 Januarie 2022.

Geen etes word by die naskool voorsien nie. Stuur asb. eetgoedjies vir u kind vir die dag. Die naskoolsnoepie sal wel oop wees deur die dag.

Alle speelgoed word op eie risiko saamgebring. Naskoolsentrum sluit stiptelik 17:30 in die middae. Wees asb. betyds. Alle agterstallige naskoolgelde moet op 1 Desember betaal wees.

AKADEMIE – MNR DENNER

Die akademiese program vir die leerlinge is as volg:

- Gr 1 – 7 se akademiese program sluit op Donderdag, 25 November 2021.
- Leerlinge wat wel vanaf Vrydag, 26 November opdaag vir skool, sal nie 'n akademiese program volg nie, maar sal in 'n toesigklas geplaas word.

As gevolg van baie versoeke vanaf ouers wat reeds hulle vakansie vroeg beplan het, gaan ons die rapporte op Vrydag, 10 Desember vanaf 07:00 tot 08:00 uitdeel in die registerklasse.

KLOKSEREMONIE GR 7's – MNR PRETORIUS

Ons neem Donderdag, 25 November afskeid van ons Graad 7's tydens ons tradisionele klokseremonie. Ons nooi graag al die ouers uit na die spoggeleentheid.

Tyd: ***09:30***
Plek: ***Grasperk voor die saal***
Parkering: ***Rugbyveld***

Na afloop van die funksie is leerlinge welkom om saam met hulle ouers huis toe te gaan. Ons volg steeds streng protokolle, elke persoon sal dus eers gesaniteer word en hul temperatuur sal gemeet word. Maskers bly steeds verpligtend.

GHOLFDAG – MNR PRETORIUS/ME LOURENS

Datum: ***Dinsdag, 30 November 2021***
Waar: ***State Mines***

Kostes:

- ***'n Vierbal (R1 600)***
- ***'n Gaatjie borg (R500)***

Gebruik ons gholfdag as 'n bemarkingsdag vir jou besigheid.

1. Borg 'n putjie (verskaf verversings waar u borg) vir slegs R500 en adverteer u besigheid.
2. Sit jou besigheidskaartjies, pamflette ens. in ons "starter-pack" en op die tafels deur 120 items van dieselfde soort te borg bv. penne, skeermesse, hemde, gholfballe, pennetjies ens. of deur 'n donasie van R500 te gee.
3. Pryse sal waardeer word waar u besigheidskaartjies of pamflette aan kan heg.
4. Donasies is baie welkom. (Advertensies kan gereël word)

Skakel asb. Me Lourens (082 785 2953) indien u 'n vierbal wil koop of 'n gaatjie en pryse wil borg.

Ons het u hulp nodig om van die dag 'n groot sukses te maak. Ondersteun asb. Laerskool Elspark deur deel te neem aan die dag.

E-LEARNING – ME BRITZ

E-learning by Laerskool Elspark speel 'n belangrike rol in u kind se akademie en tegnologiese ontwikkeling.

Ons is gelukkig in die bevoorregte posisie om soveel meer vir u kind te bied op die gebied van Moodle, gebruik van WiFi en 'n span toegewyde onderwysers wat tegnologie in hulle klasse aanwend. Tegnologie word vanaf Graad R tot Graad 7 gebruik om leer en presteer te verbeter.

Om 'n tablet te hê in Graad 4 tot 7 is dus 'n noodsaaklikheid en graag wil ek ons graad 3 ouers van 2021 aanmoedig om solank uit te kyk vir 'n tablet wat u kind in 2022 kan gebruik in graad 4.

Ons besef dat 'n tablet kan breek en moet dan ingestuur word vir herstelwerk. Ons vra dat dit asseblief so vinnig moontlik sal geskied sodat al ons leerlinge gereed is vir 2022.

Graad 4 leerlinge van 2022 sal hulle usernames en passwords in hulle rapport koeverte ontvang. 'n Duidelik uiteengesette instruksieblad is ook vir u gerief aangeheg. Graad 5 tot 7 leerlinge se usernames en passwords bly dieselfde, dit is net die graad wat verander.

Maak ook asseblief seker dat u, u nuutste epos adres vir die kantoor stuur indien hulle dit nie het nie. Dit maak kommunikasie net soveel makliker.

Die personeel se epos adresse is op ons webtuiste beskikbaar indien u iemand wil kontak.

Indien u probleme ondervind met die aflaai en konneksie van Moodle is u welkom om met Louis van Rooyen in verbinding te tree by louis@elsies.co.za

Tablet spesifikasies:

10.1-inch FHD display

2GB RAM

16/32GB ROM

Android 10/11

5100mAh battery

Micro SD 256GB

Omhulsel is 'n moet asb.

ATLETIEK 2022 – ME NOVELLIE

Oefen, oefen en oefen die vakansie! Volgende jaar se atletiekseisoen is kort maar vinnig op ons as die skool begin.

OPVOEDING - ME GROBLER

Die feestyd is 'n tyd om te belê in mekaar se lewens. 'n Tyd om mekaar te waardeer en lief te hê! 'n Tyd om seker te maak dat kinders nooit die ware betekenis van Kersfees vergeet nie. 'n Tyd om Kersfees 'n ware Christusfees te maak!

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Almagtige God wat elke dag Sy genade en liefde aan ons toon.
- Laerskool Elspark bring lof, eer en dank aan ons Skepper wat ons skool se kinders, ouers en personeel behoed en bewaar het in 2021.

Jesaja 9: 5-6

Vir ons is 'n Seun gebore; aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.
Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

Geloof •Hoop•Liefde

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za